Did you ascertain the name of the child? -- Mdukaza, which is the surname.

A boy or a girl? -- A girl.

Did anyone approach your car after you have put this (10 child in your car? -- Yes.

Who approached? -- Mr Mathloko.

Was he walking or driving? -- He came from the opposite direction by car and with the vehicle drove into a yard. After having done so he came out from the yard where he had left the car, on foot towards my car.

Did anyone react to Mr Mathloko's presence? -- Yes, the children who were across the road, on the opposite direction on seeing Mathloko approaching me, they became angry and started picking up stones as a result of which the family (20 members or relatives of Mathloko also started picking up stones and both parties were throwing stones at each other.

Did the children who were there and threw stones make any statements or exclamations as to why they were doing it? -- They were saying the following: This is the Mathloko who ran over the child or who bumped the child.

Did you do anything? -- I raised my hands trying to make peace between the two groups, that is the Mathloko group and the children to stop throwing stones.

Did you say anything? -- Because of the children (30 who / ..

who were accusing Mathloko to have knocked down the child with his vehicle and him, Mathloko saying no, he is not the one; I then asked Mathloko who it was then that knocked down the child.

Yes? -- On which Mathloko said it could be his younger brother or his son because he, Mathloko, owns two vans which are identical.

Did the stone throwing stop? -- Immediately, yes.

Did the children hear Mr Mathloko say that he was not responsible? -- Yes, but they kept on saying it was him, it (10) was him.

Did you see whether Mr Mathloko was struck by any stone thrown by the children? -- I spoke to him. He spoke to me normally and I did not notice any blood flowing from him which would indicate an open wound. Even if maybe he was hit or struck by one of the stones which was thrown, it probably did not injure him much.

Did all the children who were there throw stones or only some of them? -- Only those who were standing behind, that is throwing stones from the outskirts. (20)

Were you the only one who called for the stone throwing to stop? -- No, there was one who looked older than the others who was next to where this one that was injured was lying. I asked that person to ask those not to throw stones, that is those from the outskirts.

Did he respond to your request? -- Yes, he listened and responded to that.

Did he go and speak to the people on the outskirts? -- Yes.

Now Mr Mathloko said that you only told him of the (30) allegation/ ..

allegation that he struck the child with his motorcar the next day when you saw him. What do you say to that evidence? -- No, I told him immediately there when I was talking to him with the child in the back seat of the car.

Did the children allege in Mr Mathloko's presence that there was only one person who was injured, or more than one person that was injured? -- According to the children three of them were injured but this one that I had in the car was seriously injured.

Did you see any other children that were injured there (10 on the spot? -- Yes, a boy and a girl.

What sort of injuries did they have? -- They had minor injuries.

Did you take anyone to the hospital? -- The one who was in the back seat of my car who was seriously injured, yes.

What do you say to the allegation that has been made before his lordship that the reason why stones were thrown at Mr Mathloko on that afternoon was as a result of the speeches that were made at the commemoration service on June 16th? -- There was no stone throwing at all after that commemoration (20 service. It was there of course after the child was struck by the vehicle.

Was anything said or done at the meeting to incite any young people or anyone else to commit violence against councillors or anyone else in your community? -- No.

Was there a women's organisation formed in your community? -- No the only bodies which we had which had women members was from the church congregations like mothers' - they call themselves mothers' union.

Were there calls for the resignation of councillors (30 in / ..

in your community? -- Yes.

When did those calls for resignations start? -- After the delegation which had gone with the councillors to Kimberley was not allowed to attend the meeting with the councillors there. The people wanted to know about what was being discussed in that meeting from which the delegation was banned, therefore they felt they wanted to know the reason for the banning of the delegation from attending the meeting there.

Yes? -- And after seeing that report in the Stellalander which is a newspaper that councillors were for the removal. (10

Were these calls for the resignations before or after you affiliated to the UDF? -- That is before the launch of UDF. late 1982, early 1983 when we came back from Kimberley.

Thank you, I have no further questions.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Kom ons begin by 16 Junie 1985. Die herdenkingsdiens was geadverteer gewees is dit reg? -- Ja, deur gebruik te maak van luidsprekers.

Was daar nie ook pamphlette uitgegee nie? -- Nee.

Is daar nie gesamentlike pamphlette uitgegee deur HUCA en HUYO nie? -- Indien daar enige pamphlet versprei is dan weet (20 ek nie daarvan nie.

Hoe is dit moontlik dat jy nie weet nie? Jy het vir die hof so dringend hier vertel en so ernstig dat jy was lid van 'n komitee wat dit gereël het? -- Ek was die PRO van dié en ek het nie die pamphlette laat druk nie. Ek is die PRO van HUCA.

Maar hierdie gesamentlike komitee wat die herdenkingsdiens gereël het, hulle het seker gereël dat pamphlette daarso uitgegee word en jy moet daarvan weet want jy was mos op daardie reëlingskomitee? -- Ek was teenwoordig toe die besluit geneem is en ek is oortuig dat daar geen pamphlette gedruk was nie. (30

Was / ..

Was daar by 'n vorige.. -- Dit wil sê van ons kant af of namens ons nie.

ASSESSOR: Wie is "ons" nou? -- HUCA.

HOF: En ook nie namens die gesamentlike komitee nie? -- Nee, want kyk voor daar enige besluit geneem word oor of daar pamphlette gedruk word, ons die komitee van HUCA moet eers gaan sit en dit bespreek en daarop besluit dat daar 'n pamphlet gedruk moes word.

MNR JACOBS: Net vir duidelikheid, die vorige jare 1983 en 1984 was daar ook gesamentlike 16-Junie-herdenkingsdienste (10 gehou? -- Ja.

En was daar.. -- HUYO was gestig gewees om en by die einde van 1983 so dit was ten opsigte van 1984 en 1985 gewees dat daar 'n gesamentlike reëlings getref was met HUCA.

En was daar by die 1984 herdenkingsdiens 'n gesamentlike pamphlet uitgegee, of 'n pamphlet uitgegee? -- Nee, ons het nie geld gehad om die pamphlette te laat druk of so, dit is hoekom ons altyd toegesien het dat voertuie met luidsprekers gebruik word om die vergaderings mee aan te kondig.

Het HUYO, die jeugorganisasie, het hulle enige pamphlette by hierdie twee geleenthede, 1984 of 1985 se herdenking van 16 Junie uitgegee? -- Nee, ek verstaan nou nie want my betrokkenheid was by HUCA en nie by HUYO nie.

Maar meneer, u is mos daar in die woonbuurt. Het HUYO plakkate uitgegee vir daardie twee geleenthede of nie?

HOF: Pamflette.

MNR JACOBS: Ek meen pamphlette. -- Dit is nie wat ek van weet nie.

Nou is dit nie vir my duidelik nie. Dit het vir my op u getuienis gelyk of u maar baie min eintlik weet wat daar (30 aangegaan / ..

aangegaan het in Huhudi? -- Ek verstaan nie hoe ek min sal weet terwyl ek in die woonbuurt bly nie.

Omdat u nie baie goed op hoogte is met alles wat daar gebeur het nie? -- Ek is heeltemal op hoogte van wat daar gebeur het want sedert die begin van die verskuiwingstorie, dat mense verskuif gaan word vanaf Huhudi, het ek toe betrokke geraak by alles wat daar plaasgevind het in die gemeenskap.

HOF: Hoe groot was u area wat u vir Ellerines gewerk het? -- A radius of 50 km.

Dankie.

(10)

MNR JACOBS: Kom ons vat net byvoorbeeld hierdie gebeure van 16 - nee, dit is by 'n ander een, ek sal nou daarby kom. Nou het u al die vergaderings van HUCA, komiteevergaderings bywoon? -- Ja, die reëling was dat die vergaderings op 'n Dinsdag gehou moet word om my te akkommodeer dat ek ook die vergaderings kan bywoon want andersins het ek gewerk, maar Dinsdae was ek altyd tuis.

En al die massa-vergaderings het jy dié bygewoon gereeld deur HUCA? -- Laat ek dit so vir die hof stel, die besluit was geneem gewees deur die komitee van HUCA elke Dinsdag wanneer(20) die vergaderings gehou word, oor 'n massa-vergadering wat dan later gehou sal word. Al het ek nie die massa-vergadering bygewoon nie, maar dan bly ek nog op hoogte van wat daar bespreek gaan word.

HOF: Antwoord net die vraag. Het u alle massa-vergaderings gereeld bygewoon? -- Die meeste van hulle. Daar is 'n paar van hulle wat ek nie bygewoon het nie.

MNR JACOBS: Nou kan jy vir ons sê in die tyd.. -- Omdat ek buite gewerk het.

Die vergaderings, is hulle in die aande gehou of in (30)  
die / ..

die dag? -- Watse vergaderings, die massa of die komitee?

Massavergaderings. -- Na 18h00.

En Sondae? -- Na die kerkdienste uit is, om en by 14h00.

So dan is jy mos nie meer op diens nie? As dit na 18h00 gehou was dit in die aande, dan kon jy hulle bygewoon het, en Sondae kon jy dit bywoon want dan is jy nie op diens nie? -- Ek was eintlik 'n toesighouer van omtrent twaalf persone wat verkooppersone was, as 'n areabestuurder wat sekere opvolgings moet doen. Byvoorbeeld hier sit ek omtrent 50 km ver van Vryburg af. Volgens Ellerines as daar enige iets is wat gedoen moet word na aanleiding van die verkope wat daar geneem was deur die dag, dan moet ek die opvolgings doen so ek kan nie terselfdertyd by 'n vergadering wees om 18h00 nie. Ons het 'n "tachograph" gebruik.

Nou kan jy vir die hof sê gedurende 1983, 1984, die eerste helfte van 1985, hoeveel vergaderings was daar gehou in Huhudi waar mense van die UDF gekom het om die vergaderings toe te spreek? -- Ek onthou van 'n vergadering wat in Kimberley gehou was. Dit was 'n UDF vergadering wat bygewoon is deur mense. Daar was busse gewees, maar nie in Vryburg nie, dit wil sê nie in Huhudi nie.

In Huhudi sê jy was daar in daardie tydperk nooit 'n vergadering gehou waar enige mense vanaf UDF so 'n vergadering bygewoon en toespraak het nie? -- In 1984 het HUYO wel 'n vergadering belê waarna hulle sprekers van UDF genooi het.

Ek praat nou van..

ASSESSOR: HUYO? -- HUYO.

MNR JACOBS: Laat ons net duidelikheid kry oor die vergadering. Is dit net een wat HUYO georganiseer het waar hulle sprekers van UDF gekry het oor hierdie tydperk wat ek reeds aan jou

(30) genoem / ..

genoem het? -- HUYO het baie vergaderings belê in daardie tyd en ek weet net van een vergadering waar HUYO 'n UDF spreker gehad het wat hulle genooi het.

By daardie vergadering wie was die UDF spreker? -- Die spreker wat daar moes kom praat het was Albertina Sisulu.

Het sy gepraat? -- Een van die patronen van die UDF - one of the patrons of the UDF. Ja, sy het gepraat.

En wanneer was die vergadering in 1984 gehou? -- Om en by Aprilmaand.

Watter jaar? -- 1984.

(10)

Het HUCA enige vergaderings gehou in Huhudi oor die tydperk vanaf 1983 af tot die middel van 1985 waarheen hulle UDF sprekers genooi het? -- Ja.

Wanneer en hoeveel? -- Na die "launch" van die UDF in Kaapstad.

Bedoel jy nou om daarmee te sê net na die "launch", dit is net na Augustus 1983? -- Dit is om en by die einde van 1983, begin 1984.

Was dit net die een vergadering gewees? -- Ja, dit is die ene waar hulle vir ons ingelig het oor die doelstellings van(20 die UDF want dié was 'n front gewees.

Was dit nog voordat julle geaffiliéer het by UDF? -- Nee, dit was na dit. Ons het geaffiliéer na die stigting van die UDF.

Maar kyk.. -- Want HUCA het alreeds bestaan.

..jy het nou alreeds vir die hof gesê hulle het gekom - ekskuus? -- Dit was om en by Maartmaand of Aprilmaand. Ek kan net nie reg onthou nie.

ASSESSOR: Watter jaar?

HOE: U moet die tolk gebruik of Afrikaans kies, maar nie (30

albei / ..

albei nie, asseblief. -- Wat gebeur het edele, is daar is eers HUCA gestig en na die stigting van HUCA het ons geaffiliéer met UDF, en na ons geaffiliéer het met UDF het hulle toe ons daar besoek.

En is dit toe wat hulle vir julle verduidelik het wat UDF is? -- HUCA het 'n vergadering belê en toe een van hulle, dit is nou UDF se mense, genooi om daar vir ons as 'n spreker te kom verduidelik oor UDF.

Is dit nou hierdie vergadering in Maart 1984? -- Dit was om en by die begin van die winter. Ek is nie seker van die (10 maand nie maar in daardie tyd was dit koud gewees.

Maar kan ons nou net duidelikheid kry. Is dit nou die-selde vergadering wat jy netnou gesê het is die een wat in ongeveer Maart 1984 was of praat jy nou van iets anders weer? -- Ek sê nie dit was in Maartmaand nou nie, ek sê ek kan nie meer die maand onthou nie. Al wat ek vir die hof kan sê is dat dit was koud gewees in daardie tyd van die winter.

So laat 'n mens nou net duidelikheid kry, was dit net een vergadering waar UDF se mense gekom het en sprekers was op 'n vergadering gereël deur HUCA alleen? -- Ja. (20)

Het HUCA en HUYO enige gesamentlike vergaderings gereël waarop hulle sprekers van UDF gekry het na Huhudi toe om daar te kom praat? -- In watter jaar?

Vanaf 1983 tot middel 1985. -- Dit is die "night vigil".

Nou terwyl jy van die "night vigil" praat, is dit nie so dat in een nag sou daar 'n nagwaak gewees het en die ander nag - vir twee nagte was daar 'n vergadering gehou? -- Die besluit van ons was dat daar net 'n nagwaak is en die volgende dag gaan dit aan die mense verduidelik word. O, wat ons besluit het is daar gaan 'n nagwaak gehou word vir die nag en dan die(30

volgende / ..

volgende dag gaan dit aan die mense verduidelik word of ons nog moet trek of wat die posisie is.

HOF: By 'n vergadering? -- Ja, kyk al die mense van Huhudi is nou daar bymekaar. Hulle wil nou weet. So ons sou hulle sommer daar gesê het.

En sou die nagwaak eenvoudig deurloop totdat daar 'n uit-slag was? -- Nee, die nagwaak sou aangegaan het tot om en by 23h00 in die nag en dan sou ons besluit het. Eintlik dit is volgens die beheer wat uitgeoefen word oor daardie saal, om 23h00 moet alles ophou. (10)

MNR JACOBS: En die volgende dag sou die mense weer bymekaar moes kom om vergadering te hou? -- Ja, om te kom hoor.

Ja, en julle het hierdie vergadering van die volgende dag geadverteer en ook geadverteer dat hierdie sprekers van die UDF sal die mense dan toespreek? Is dit so, ja of nee?

MR BIZOS: M'lord, the witness barely uttered a sound to answer the question. He had not finished a word, although I do not understand the language, he could not have finished a word at the time that the objection was made. I do not know whether my learned friend has prophetic insight as to what the witness was going to say. (20)

MNR JACOBS: Ek het nie objeksie gemaak nie, ek het net vir hom gevra dan kan hy sy dinges gee - hy kan net vir ons sê of dit so is dat ons net kan aangaan en dan kan hy enige verduideliking gee wat hy bedoel daarby. -- Ons was betrokke by hierdie verskyning van mense as HUCA, so dit was vir HUCA gewees om hierdie boodskap aan die gemeenskap daar oor te dra en nie UDF nie. UDF het nie daar betrokke geraak nie.

HOF: Nee, die vraag is was die vergadering geadverteer en kom ons vat dit nou maar stuk vir stuk. Was die vergadering (30

eadverteer/..

geadverteer? -- Ja, by die nagwaak het ons die mense laat weet dat ons more gaan hoor, ons sal more weet; so julle moet more hier wees.

En was daar geadverteer dat daar mense van UDF sou praat?  
-- Ja, by die nagwaak.

MNR JACOBS: En was daar ook plakkate opgesit gewees dat daar 'n vergadering gehou sou word? -- Ons gebruik die "loudhailers" en nie plakkate nie.

Nou ons sal baie vinniger gaan as jy my vrae net antwoord. Was daar plakkate of nie? As daar nie was nie, dan sê jy (10 daar was nie. -- Nee, daar was nie.

Was dit op die luidsprekerstelsel aangekondig ook dat die vergadering daar sou plaasvind op dié dag, op 15 Oktober? -- Ons het dit in die saal aangekondig dat daar die volgende dag 'n vergadering gehou gaan word.

ASSESSOR: Ek wil nog vra, was die nagwaak ook in die saal?

-- Ja.

MNR JACOBS: Nou wie is die sprekers van UDF wat julle aangekondig het sou praat op hierdie vergadering wat dan gehou sou word? -- Dit behoort te gewees het Albertina en reverend (20 Chikane.

Ek vra nie vir jou wie behoort dit te gewees het nie, ek vra vir jou wie was dit? -- Hulle was veronderstel om die sprekers te wees, maar hulle was nie daar nie.

HOF: Maar wie was dit dan? -- Galeng.

Hulle het nie opgedaag nie? -- Nee, hulle het nie opgedaag nie.

MNR JACOBS: So by die vergadering wat HUCA gereël het wat in die winter van 1984 plaasgevind het, wie was die spreker of sprekers van UDF wat julle genooi het om daardie vergadering (30

te / ..

te kom toespreek? -- Albertina, mev Sisulu.

Het sy opgedaag vir daardie vergadering? -- Sy was daar,  
ja.

Sy alleen of was daar nog mense wat julle genooi gehad  
het en wat gekom het? -- Ja, van UDF dit was baie mense gewees.  
Verskoon my. Daar was baie mense gewees wat genooi was om die  
vergadering by te woon byvoorbeeld mense van Kimberley ook,  
maar van UDF was sy die enigste persoon wat daar was. Dit is  
nou mev Sisulu.

Is dit mev Sisulu, mnr Chikane - is dit die enigste (10  
mense wat ooit daar in Vryburg opgetree het en vergaderings  
toegespreek het - ek is nie seker of mnr Chikane daar - maar  
ek sluit hom in. Hulle was die enigste, laat ek dit so - wat  
ooit genooi was na Vryburg toe om toe te spreek? -- Wat ek van  
weet te Vryburg, ja.

En die enigste ene oor die tydperk wat genooi is wat wel  
daarna 'n toespraak gelewer het op enige vergadering daar was  
dan mev Sisulu? -- Ja, dit is so.

En jy sê jy is 'n man wat weet wat daar in Vryburg aangaan  
so jy maak nie 'n fout daarmee nie? -- Ja. (20

Ons sal daarop 'n bietjie terugkom later. Ek wil net weer  
teruggaan na die kwessie van 16 Junie 1985. Laat ek eers hier-  
die aspek met jou klaarmaak oor dié vergadering, het jy weg-  
gery van die saal af om die stelle wat gebruik is, die mikro-  
fone, om dit te gaan aflewer? Het jy weggery daarvandaan? --  
Ja.

En waar jy die groep mense gekry het, is dit 'n hele end  
weg van die saal af? -- Ja.

Kan jy vir die hof sê hoeveel kilometers het jy omtrent  
weggery van die saal af? -- Een kilometer omtrent. (30

En / ..

En toe jy weggers het van die saal, voordat jy weggers het van die saal om hierdie toerusting te gaan aflaai, was daar niks buitengewoon, snaaks wat by daardie saal gebeur het nie?  
-- Daar was niks gewees nie.

En die saal, is dit in dieselfde straat as waarin jy later die groep persone gekry het of moes jy afdraai van daar-die straat na 'n ander straat om by daardie groep persone uit te kom? -- Ek het afgedraai vanaf die saal om die goed te gaan aflewer. Met die terugkoms van my het ek weer by die hoofpad aangesluit. (10)

O, het jy in die groep jongmense vasgery toe jy teruggekom het? -- Ja, eers nadat ek die goed gaan aflewer het. Kyk, die plek waar ek die goed moes gaan aflewer het is nie ver van die saal nie.

En hoe lank na die vergadering was dit gewees toe jy die groep jongmense raakgeloop het? -- Tussen 20 en 25 minute na die vergadering was dit gewees.

En daar waar jy die jongmense raakgeloop het, is dit naby die huis van Mathloko? -- Dit is omtrent ses huise van Mathloko se huis af, is die punt waar ek die klomp raakgeloop het. (20)

En hierdie Mathloko is die raadslid né? Dit is raadslid Mathloko? -- Ja, hy is 'n raadslid, ook 'n winkeleienaar.

En daar waar jy hulle gekry het, het jy die kind gekry lê daar waar sy raakgery was? -- Ek het die voertuig tot stilstand gebring en 'n endjie gestap, omtrent drie huise se distansie. Op die sypaadjie regoor daardie huis het ons die kind daarvandaan opgetel.

Nou hoekom moes jy jou voertuig so ver tot stilstand bring vanaf waar die kind was? -- Dit was nie ver gewees nie want toe wys hulle vir my: daar is die kind. Hulle sê (30) nie / ..

nie presies hoe ver nie maar dit was nie ver nie.

Is dit omdat daar so 'n groot groep mense in die straat was? -- As ek mag vertaal wat die getuie sê - dit is klein persele daar van die huise wat ek van praat.

So as dit sulke klein persele was dan was u sommer baie naby gewees aan Mathloko se huis? -- Ja, Mathloko se huis was omtrent drie huise vanaf die huis waar hierdie kind was.

Maar is dit die rede hoekom jy nou nie tot by die kind kon ry daarso nie, is omdat daar so baie mense in die straat was? -- Hulle was nie so baie nie. By die punt waar ek was (10 was die mense omtrent 20 of 25 op die meeste.

En is die kind... -- Wat daar naby gewees het.

HOF: Ja, laat ons nou net duidelikheid kry. As u nou voor u kyk in die straat, is al wat u gesien het 20 tot 25, of bedoel u net op die kolletjie waar u gestaan het was 20 tot 25? -- Ek praat van die mense by die kolletjie waar ek was.

As u nou so voor u gekyk het was daar baie mense? Indien nie, hoeveel was daar? -- Wat na die huise se kant toe gestap het kon omtrent 40 na 50 gewees het. Dit is mense wat in daardie rigting woon. (20

MNR JACOBS: Kom ons kry net baie duidelikheid. Hierdie 20 wat jy gesien het, hulle het gestaan - waar het hulle gestaan? Waar hulle jou gestop het of waar die kind gelê het? -- Tussen die twee punte, waar die kind gelê het en die punt waar hulle my gestop het, waar ek tot stilstand gekom het.

Hierdie mense het jou gehelp seker om die kind in die kar in te dra? -- Ek en mev Lesedi is die twee persone wat die kind gedra het. Dit was nie 'n groot kind gewees nie, dit was 'n kind van omtrent 11 jaar. Ons het die kind so tussen ons twee gedra na die voertuig toe. (30

En / ..

En hierdie ander mense, die 20, het nou gebly daar waar hulle was? -- Hulle het saamgestap na die kar toe waarheen ek die kind geneem het.

En die ander mense wat jy gesien het was mense wat normaalweg op pad was na hulle huise toe van iewers af? -- Dit het my voorgekom asof die mense vanaf die vergadering gekom het en toe in daardie rigting gestap het.

Hulle was nie in 'n groep gewees nie, hulle was net mense wat geloop het? -- Ja.

Wat beteken dit nou? Ja, hulle was nie in 'n groep nie of (10) ja, dit is net mense wat geloop het? -- Hulle was nie in 'n groep nie, hulle het sommer net so weggestap.

O ja, ek het amper vergeet, ons gaan mos aan tot 13h15. Ek is jammer. En is dit reg, daar was nie 'n tweede groep jongmense daar behalwe hierdie 20 wat jy nou vir die hof gesê het wat saam met jou geloop het na die kar toe nie? -- Daar was wel 'n klompie mense gewees op die "outskirts".

Maar ek verstaan nie wat.. -- Sulke jongerige mense.

Wat bedoel jy nou met die "outskirts"? -- Toe ek die kind opgetel het hier was hulle nie by die punt waar ek die kind (20 opgetel het nie, hulle het 'n endjie ver daarvandaan gestaan.

Maar hoekom het jy nie nou-nou vir die hof vertel toe ek vir jou gevra het behalwe hierdie groep wat saam met jou beweeg het, was daar geen ander mense, dit is net die mense wat geloop het. Hoekom het jy nie vir die hof daarvan gesê nie? -- Nee, maar ek verstaan u praat van die mense in die onmiddellike nabyheid van die voertuig.

Ek het vir jou gevra van in die straat, meneer, ek het nie gepraat van voertuie nie. -- Ek het hier vir die hof gesê dat tussen die punt vanwaar die kind gelê het en waar die (30

voertuig / ..

voertuig geparkeer was, was daar 'n groepie mense gewees.

Is dit nou na hierdie groepie wat jy verwys? -- Ja, na daardie mense.

En is dit ook reg, jy het vir die hof gesê soos julle die kind gedra het na die voertuig toe het hierdie mense saam met julle geloop? -- Van die mense wat daar was het wel saam met ons gestap in die kar se rigting.

En is dit nou die regte beeld wat jy nou vir die hof gee? -- Ja, dit is.

Jy sien, dan verstaan ek nie waar kom die mense wat (10 oorkant die pad gestaan het in 'n groep en wat klippe gegooi het, waar kom hulle nou skielik vandaan nie? -- Dit sal ek nie weet nie. Ek het hier tot stilstand gekom as gevolg van die versoek deur hierdie kinders wat sê daar is 'n kind wat gestamp is, so ek weet nie wie hulle is nie, waarvandaan hulle gekom het nie. Dit is nou die mense wat klippe gegooi het nie.

So hulle het sommer skielik daar van iewers af gekom, wat u nie eens weet waarvandaan nie, verskyn en klippe gegooi? -- My aandag was op die kind wat beseer is.

En is jou getuienis nou dat die eerste keer toe jy (20 hierdie mense sien wat die klippe gooie, is toe hulle die klippe gegooi het? -- Kyk, hier word jy gestop deur mense wat sê iemand is beseer. 'n Normale ding sou wees dat jy met daardie groepie mense loop na daardie beseerde persoon toe, sonder om nou verder op te kyk of rond te kyk wat nou daar gebeur want jou aandag is nou op die persoon wat gesê word dat hy beseer is.

HOF: Maar wat is nou die antwoord? Die vraag is sien u die klipgooiers vir die eerste keer toe hulle klippe gooie? -- Toe Mathloko vir die eerste keer tevoorskyn gekom het in die (30 teenoorgestelde/..

teenoorgestelde rigting te voet, toe was dit die tyd wat daardie groep uitsteek en met die klippe daar kom wat hulle opgetel het.

MNR JACOBS: Net om nie verwarring te veroorsaak nie - ek weet nie wat jou taal is nie, maar vertel vir ons wat bedoel jy as jy sê dit is toe wat daardie groep uitsteek? Ek wil net duidelikheid hê daaroor? -- Hierdie voorval het plaasgevind toe dit begin donker word. Toe Mathloko daar tevoorskyn gekom het merk ek op dat daardie groep ook daar tevoorskyn gekom het en besig was om klippe op te tel. (10)

Nou waarvandaan kom hulle tevoorskyn? -- In hierdie kruising staan daar 'n substasie van kragdrade, elektriese drade. Die klompie wat ek van praat het tevoorskyn gekom vanaf die omgewing van daardie substasie se struktuur.

Uit die perseel uitgekom van die substasie? -- Daar is nie 'n omheiningsdraad om as 'n perseel beskou te word nie, maar dit was van agterom die struktuur van die substasie dat hulle uitgekom het.

Was hulle baie gewees? -- Ja, hulle was 'n goeie klompie gewees van omtrent tussen 30 en 40. (20)

Was hulle nie meer gewees nie? -- Maklik. Ek kan dit nie betwiss nie.

En is dit dan reg dat daar het nie ander mense langs die straat geloop nie, hierdie het van agter die substasie skielik tevoorskyn gekom? -- Dit is mos by die kruising en mense daar loop heen en weer.

Ja, maar dit is wat normaalweg gebeur dat mense loop heen en weer, maar ek praat spesifiek op daardie dag. Daar was nie mense wat daar geloop het op pad huis toe nie, hierdie groep wat daar was, die mense wat daar was, is die groep wat (30) skielik / ..

skielik daar van agter die substasie uitgekom het? -- Ek weet nie maar wat ek sê is dat die mense het tevoorskyn gekom agterom hierdie substasie. Of hulle nou op pad huis toe was of wat eintlik die posisie was dit weet ek nie.

Sou jy sê dit is mense wat daar weggekruip het vir een of ander rede agter die substasie? -- Dit weet ek nie want toe ek daar gekom het, was ek net gestop gewees.

HOF: Het u kar se ligte geskyn? -- Ja, die ligte het geskyn maar net verdof.

Is dit 'n geleentheid vir die verdaging?

(10)

DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE.

DIE / ..

DIE HOF HERVAT NA MIDDAGETE

FRANCIS LONDON, nog onder eed - (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Ja, dankie. Ons was laas nog besig met die gebeure daar in die straat met die groep mense op 16 Junie 1985. Die kind wat beseer is, het die kind net daar bly lê waar sy beseer is, daar by die toneel? -- Watter een?

Die een wat jy opgelaai het. -- Ja, dit is so.

Die ongeluk of wat dit ookal is het daar plaasgevind? -- Ek weet nie want ek was nie teenwoordig toe dit plaasgevind (10 het nie.

Want was dit nie vir jou snaaks gewees dat mnr Mathloko se kar nie daar was as hy daar 'n ongeluk gemaak het nie? -- Die mense wat gesien het toe die ongeluk plaasvind was daar teenwoordig gewees.

Maar was dit nie vir jou snaaks dat sy kar nie daar was nie? -- Nee.

En nog meer snaaks is die mense wat so skielik daar aangekom het en agter die substasie uitgekom het, dat hulle nou vir mnr Mathloko beskuldig, want dit is mense wat blykbaar nou (20 later op die toneel gekom het? -- Mense wat getuig het oor wat gebeur het met die kind is dié wat my laat stop het wat ek op die toneel daar aangetref het. Dit is mense wat daar was toe die ongeluk plaasvind.

En daardie mense wat daar agter die substasie uitgekom het het hulle niks gedoen en niks gesê nie? -- Hulle het klippe opgetel en daarmee begin gooie.

Maar hoekom? -- Ek weet nie.

Sonder om iets te sê? Het hulle niks gesê toe hulle die klippe gooie nie? -- Hulle het gepraat.

(30

En/..

En wat sê hulle, hoekom gooie hulle die klippe? -- Hulle sê terwyl hulle die klippe gooie dat hy 'n kind raakgery het.

Maar dit is my punt wat ek gemaak het met jou, ek sê dat hierdie mense het nou daar verskyn agter die substasie uit.

Hoe kon hulle geweet het wat gaan daar aan? -- Nee, ek weet nie.

En waar kom mnr Mathloko se familie skielik vandaan wat ook nou klippe gooie? -- Toe hy die perseel verlaat hier kom hulle aangestap agter hom.

So hulle stap saam met hom daar na jou toe? -- Ja, waar die voertuig met die kind gestaan het. (10)

En hoeveel is hulle wat saam met mnr Mathloko gekom het?  
-- Tussen vier en vyf persone.

Nou staan hulle vier of vyf persone by jou daar by die kar en nou word met klippe gegooi na hulle. Ek verstaan dit nie, dat selfs julle nie raakgegooi is nie? -- Klippe is gegooi na hulle toe terwyl hulle nog na die voertuig gestap het. En voor hulle by die voertuig kom die gooier van klippe het alreeds opgehou.

Ek wil dit aan jou stel dat jy vertel nie die waarheid vir die hof nie. -- Ek praat die waarheid. (20)

Dit is korrek jou getuienis dat by die saal het daar niks gebeur nie en as daar iets gebeur het sou jy daarvan geweet het? -- Dit is so.

Is jy weg van die saal af na al die mense al weg is, toe jy die goed weggeneem het? -- Ja, mense wat daar nog was is dié wat moes toesien tot die skoonmaak of die reëlings van die saal verder.

En as enigiemand vir hierdie hof kom vertel het dat mnr Mathloko het met sy bakkie daar in 'n klomp mense ingery wat net uit daardie saal uitgekom het, dan is dit 'n onwaarheid? (30)

Volgens / ..

-- Volgens wat hulle vir my sê hy het hulle by die kruising gestamp, nie by die saal nie.

Maar ek sê nou as daar 'n stampery by die saal was dan sou jy dit tog gesien het. As enigiemand sê daar was 'n stampery by die saal toe die mense by die saal uitkom, het iemand sommer in die mense ingery, dan is dit 'n leuen? -- As dit by die saal is dan is dit nie die waarheid nie. Ek het dit nie gesien nie.

En as daar so-iets gebeur het dan sou jy dit mos gesien het want dit sou daar groot lawaai gemaak het, groot ophef sou daarvan gemaak gewees het as mense uit die saal uitkom en iemand daar inry met 'n bakkie? -- Waar? By die saal self of op die pad..

Ja, by die saal, by die saal, toe die mense by die saal uitkom. -- Nee, nie by die saal nie, dit het nie gebeur nie.

Was daarso enige persone se winkels daardie dag gegooi?  
-- Nie wat ek van weet nie.

Nou hoe is dit dan? Jy is die man wat netnou vir die hof vertel het jy weet alles wat daar aangaan, dat jy nie hiervan weet nie? -- Ja, maar ons het nie daarvan gehoor of gesien (20 nie. Dat die winkels aangeval word met klippe nie. Ek hoor daarvan eers nou in die hof.

En dat 'n slaghuis daardie dag ook aangeval is wat naby mnr Mathloko se winkel was? -- Nee.

Kom ons vat bietjie 'n ander aspek nou. Jy sê julle het eers by die UDF geaffiliéer blykbaar dan na, aan die begin reeds van 1984 gewees het toe julle geaffiliéer het by UDF?

HOF: 1983 of 1984?

MNR JACOBS: 1984.

MR BIZOS: That is not his evidence. That is not the (30

witness's / ..

witness's evidence, m'lord.

COURT: Well, we do not know what the question is, because I do not know what counsel refers to when he says "aan die begin". It can be the beginning of the UDF or the beginning of this organisation.

MR BIZOS: I thought the question was that you first affiliated in the beginning of 1984. That is not his evidence.

MNR JACOBS: Ek het dit so gestel, dit is korrek, maar ons het geen datum, vaste datum van hom nie en met die gebeure wat hy die een na die ander vertel het kan dit enige tyd was aan (10 die begin van 1984.

MR BIZOS: Well, if my learned friend did not have a date he cannot put the beginning of 1984, because that was not the evidence of the witness.

MNR JACOBS: Ek dink ek kan dit stel omdat die getuie vir ons nie - wel, ek sal dit anders stel.

HOF: Wel, jy moet dit in die vorm van 'n vraag stel. Jy kan dit nie stel op die basis dat hy dit gesê het as hy dit nie gesê het nie.

MNR JACOBS: Kan jy vir ons sê wanneer het julle geaffili- (20 eer by UDF? -- Dit was in die tydperk gedurende Mei en Junie-maand. Dit was koud gewees in daardie tyd.

HOF: Ja, maar u maak dit vir ons baie moeilik as u nie vir ons 'n jaar gee nie. Gee nou vir ons 'n jaar? -- In 1983.

MNR JACOBS: Was dit nie in 1984, na Mei, die koue tyd nie? Na Augustus van 1983 nie? Nadat julle by die stigtingsvergadering, die mense by die stigtingsvergadering van die UDF in Kaapstad was nie? -- Nee, dit is lank gelede wat dit plaas- gevind het. Ek is nie meer so seker van wat gebeur het nie.

Want dit is wat ek verstaan het van jou getuienis, (30  
julle / ..

julle het mense spesiaal Kaapstad toe gestuur om te gaan uitvind of dit 'n organisasie is wat julle kan help, voordat julle geaffiliéer het? -- Ja.

So dit was ten minste geaffiliéer, laat ons dit so kry, na die stigting van die UDF in 1983, Augustus? -- Ja.

En was dit ook nadat die delegasie van Kimberley af terug gerapporteer het dat julle geaffiliéer het? -- Ons het eers HUCA gestig voor die delegasie na Kimberley toe was. Ons het eers HUCA gestig na die afgevaardigdes nie toegelaat was by die vergadering te Kimberley. (10)

En nadat die delegasie teruggekom het vanaf Kaapstad het julle 'n massavergadering gereël - kan jy vir die hof sê watter maand dit was? -- Ek vergeet net, ek kan nie meer die maand onthou nie maar daar was wel 'n massavergadering wat gehou was.

Hoe lank nadat hulle teruggekom het vanaf Kaapstad, 'n maand, twee maande, drie maande?

HOF: Praat ons nou van Kimberley of van Kaapstad?

MNR JACOBS: Kaapstad.

HOF: Kaapstad by die UDF stigting?

MNR JACOBS: Stigting. (20)

HOF: Ja? Ek het gedink u praat van Kimberley. In elk geval die vraag is nou Kaapstad. -- Dit is nou lank terug wat dit gebeur het. Ek kan nie meer onthou om u te kan sê wanneer dit was nie.

MNR JACOBS: Voordat julle hierdie massavergadering gehou het, het julle die mense gestuur na die UDF toe om uit te vind, behalwe nou die delegasie wat na die stigting toe was, na enige ander streek van UDF, of na hulle hoofkantoor toe gestuur? -- Dit is nadat hulle nou teruggekom het van Kaapstad af sê u? Is dit na hulle teruggekom het? (30)

Ja / ..

Ja, het julle weer nog mense gestuur na UDF toe na dit?

-- Nee.

Nou voordat julle geaffiliëer is en voordat die massa-vergadering gehou is, het enige iemand van julle komitee, van HUCA se komitee enige UDF vergaderings bygewoon? -- Ek onthou nie.

HOF: Is dit nou van publieke vergaderings, komiteevergaderings of watse soort vergaderings?

MNR JACOBS: Enige HUCA komitee of - hy het gepraat van 'n persoon wat gegaan het en ek probeer duidelikheid daarom- (10 trent kry. -- Tensy die persoon soontoe gegaan het op sy eie, in sy eie hoedanigheid. Ek onthou nie van 'n vergadering wat bygewoon is deur 'n lid van ons, amptelik nie.

HOF: Wel, onamptelik, nie-amptelik? Onthou u van so-iets?

-- Ja, ek onthou van so-iets.

MNR JACOBS: Wat onthou jy? -- Wat ek sê is dat ons het niemand gestuur amptelik van ons komitee om 'n vergadering by te woon nie.

HOF: Antwoord asseblief die vraag. -- Van ons kant af niemand het die vergadering bygewoon nie. (20

MNR JACOBS: Het niemand van julle van Vryburg af ooit gegaan na Khotso House in Johannesburg, na enige vergadering van UDF nie? -- Ek weet nie.

Want u sien ek wil dit sommer aan u stel reguit, u het netnou vir die hof gesê u weet so alles. In u eie sekretariële verslag van die "Secretary General at the opening of the year 1984, at the executive committee meeting of Huhudi Civic Association (HUCA) on 10 February 1984", is daar 'n hele lang verslag gebring..

ASSESSOR: 1948?

(30

MNR JACOBS: 1984, ekskuus. Dit is BEWYSSTUK 20 voor hierdie hof.

HOF: BEWYSSTUK 20?

MNR JACOBS: AM.20.

HOF: AM?

MNR JACOBS: AM.20, ekskuus, en daarin word gesê in paragraaf 3.6: "Affiliation to United Democratic Front (UDF):

"The birth of the UDF drew the responsive attention of HUCA. With the formation of UDF (Transvaal) HUCA was amongst the first organisations to join". (10)

en ons weet dat UDF (Transvaal) was al gevorm hierso in die begin, voor 20 Augustus. 3.6. -- Ek sien dit ja, maar ek dra geen kennis daarvan dat hy dalk daardie vergadering bygewoon het nie.

Dit is nie 'n vergadering bygewoon nie, dat julle al geaffiliëer het. HUCA al geaffiliëer het. -- Ek het vir die hof gesê dat die affiliasie alreeds bespreek was by die vergadering met die gemeenskap, dit is die massavergadering. Wat die affiliasie self betref, hy is die enigste persoon wat sal weet dit is met betrekking met sy koms na die Transvaal toe. (20)

Ek verstaan nie wie is "hy" wat die enigste persoon is wat sal weet nie. -- Die persoon wat na verwys word volgens die skrywe wat ons nou net gelees het.

Ek verstaan nou nog minder. Watter persoon praat u nou van? Sê net vir ons na watter persoon verwys jy nou? -- Die persoon wat na die Transvaal toe gekom het. Ek weet nie eers wie hy is nie, dit is hoekom ek nie in staat is om u te kan sê nie.

Want hierdie was op 'n komiteevergadering, is dit 'n verslag wat daar voorgelê is en wat deur julle behandel is.-- Dit (30

kan / ..

kan wees dat tydens daardie besluit daaromtrent was ek nie teenwoordig nie.

HOF: Wat is die erkenning oor die dokument?

MNR JACOBS: Dit is gevind by Khasu in Vryburg.

HOF: Dankie.

MNR JACOBS: Sal u dan met my saamstem dat u hele getuienis dat julle mense gestuur het om te gaan uitvind of UDF julle kan help in Kaapstad is dan alles 'n lot leuens wat u vertel het? Daardie tyd was julle alreeds geaffiliéer by 'n streek van UDF. -- Ons het begin hoor van hierdie organisasie UDF (10 van ene Jomo Khasu. Hy is die persoon wat ons daarvan gesê het dat UDF in Kaapstad gestig word. Ons het nie geweet van die Transvaal UDF nie. Dit is nou eers dat ek daarvan lees of hoor dat dit gestig was voor die stigting van die UDF in die Kaap.

Ek wil vir jou wys dat jy nog verdere leuens vir die hof vertel want volgens BEWYSSTUK 26, dit is 'n register wat UDF hou van geaffiliéerde en waarnemers wat hulle vergaderings bywoon, is dit reeds op 21 Mei - dit is op die heel eerste voorblad, edele. Daar item nr.4 het Johnson Khasu - Khasu (20 van die Huhudi civic association 'n UDF vergadering bygewoon as 'n waarnemer. -- Wat is die datum?

21 Mei 1983.

ASSESSOR: Is dit op die eerste blad?

MNR JACOBS: Myne is die voorblad, item 4 op die heel eerste bladsy. Die datum bo-aan is 21 Mei 1983.

HOF: Ja, hier staan nie Jomo nie, maar Johnson. -- Nee, dit weet ek nie van nie.

MNR JACOBS: Johnson, is hy ook bekend as Jomo? Is dit sy ander naam, Jomo Khasu s'n? -- Ja. (30

MR / ..

MR BIZOS: I must object to the strength of the language that is used to this witness. The question is this: you are lying when you say this and a document is produced of this person who attended the meeting as an observer in May, therefore you are lying when you say that this happened; that your affiliation was after August. One would have thought that the information that he attended this an observer in May may in fact corroborate the witness's evidence that the affiliation was afterwards. But he is entitled to argue with respect that it might have been earlier but I do submit with the greatest respect that the liberal use of the word "lie" especially during this afternoon's cross-examination is not warranted by the facts that have thus far been produced. (10)

COURT: The objection is noted.

MNR JACOBS: Daar is nog 'n hele paar wat ek nog gaan wys dat dit nie waarnemers is nie, maar delegasies wat daardie vergaderings bygewoon het voor die stigting van UDF, en dat hierdie getuie se getuienis kan onmoontlik die waarheid wees wat hy vir die hof sê. As 'n mens net kyk na 4 Julie..

HOE: Ek wil nie 'n argument oor hierdie aspek hoor nie want(20) ons sal uiteindelik beslis of iemand die waarheid praat of nie die waarheid praat nie. Ek wil my nie daaroor uitlaat nie.

MNR JACOBS: Ek wil dit aan jou stel dan - edele, dankie, ek sal aangaan. Op 4 Julie 1983 het J M Khasu, en G H Galeng van Huhudi civic association as afgevaardigdes 'n vergadering bygewoon van UDF (Transvaal). -- E M Khasu, J M Khasu?

J M Khasu en G H Galeng. Dit is items 7 en 8 op die datum 4/6/83, dit is die vierde bladsy. -- Dit weet ek nie van nie.

En op daardie selfde bladsy heel onderaan, item 31 (30) het / ..

het Khotso Crutse van Huhudi civic association van Vryburg daardie selfde vergadering bygewoon as 'n afgevaardigde.

ASSESSOR: As 'n "delegate".

HOF: Dit is mos 'n afgevaardigde. -- Dit weet ek nie van nie.

MNR JACOBS: Jy het vir die hof vertel dat jy 'n man is wat saam met hulle op die komitee dien van HUCA, dat jy nie eers weet dat hulle die plek, Vryburg, verlaat om UDF vergaderings by te woon as afgevaardigdes nie? -- Ek het buite die dorpsgebied gewerk. As daar besluite geneem word terwyl ek nie daar was nie, sal ek nie daarvan weet nie. (10)

Wil jy nou met daardie antwoord aan die hof te kenne gee jy weet nie van al die besluite wat deur HUCA geneem was nie? -- Van die besluite, ja.

En wil jy daarmee te kenne gee dat jy ook nie al HUCA se komiteevergaderings bygewoon het nie? -- Ek was 'n lid van die komitee. Daar was wel van die vergaderings van die komitee wat gehou was wat ek nie bygewoon het nie omdat ek laat gewerk het.

En was jou getuienis wat jy dan voormiddag vir ons gegee het dat jy al die komiteevergaderings bygewoon het en dat dit spesiaal vir jou gerief verskuif was na Dinsdae toe, dan was dit ook nie heeltemal korrek nie? -- Dit is die waarheid maar onder sekere omstandighede het dit gebeur dat ek nie van die vergaderings kon bywoon nie. 'n Paar van hulle.

Sien ek wil vir jou op nog 'n verdere punt wys, dat op 16 Julie 1983 volgens hierdie BEWYSSTUK 26 het mnr J Khasu van HUCA weer 'n vergadering van UDF se Transvaalstreek bygewoon as 'n afgevaardigde. -- Ek weet nie daarvan nie. Op 16 Julie 1983 was ek by die saal gewees te Huhudi. Ek weet nie daarvan nie. (30)

HOF / ..

HOF: Wag net so 'n bietjie, 16 Julie - July. -- Nee, dan is dit nie korrek nie. Ek het gedink ons praat van 16 Junie.

Is die bewysstuk voor u? -- Nee, ons het nie die bewysstuk voor ons nie.

MNR JACOBS: Ja, ek kan myne vir hom gee. Ek sal net die volgende ene ook net sê, die volgende bladsy wat blykbaar - my datum is bietjie afgesny bo-aan, ek dink dit is nog onder dieselfde datum, het Hoffman Galeng van HUCA, Vryburg, ook as 'n afgevaardigde daardie vergadering bygewoon. -- Ek weet nie daarvan nie. (10)

En op die volgende bladsy kom Hoffman Galeng se naam ook voor. -- Nee, ek weet nie hiervan nie.

Nou is dit nie so dat hierdie mense het teruggekom en gerapporteer aan die Huhudi civic association se vergaderings wat daar gebeur het nie en dat hulle moet werk vir die stigting van 'n streek vir UDF daar in die Noord-Kaap nie? -- Ek onthou nie dat hulle 'n verslag daar kom doen het daaromtrent nie.

Sê vir die hof, het hulle gewerk daarso in Huhudi civic association, die mense op daardie bestuur, met ander organisasies om 'n streek van UDF te stig? -- Nee, ek weet nie. (20)

Was daar niks georganiseer daar in Vryburg vir die stigting van 'n UDF nie? -- Waarvoor is dit, is dit vir die Noord-Kaap?

Ja. -- Nee, ek weet nie.

Weet jy of daar 'n streek van UDF in die Noord-Kaap tot stand gekom het? -- Waar?

In die Noord-Kaap met kantore in Vryburg? -- Nee, ek weet nie van die kantore nie.

Het jy nooit daarvan gehoor nie? -- Ek weet net van HUCA.

En jy is 'n man wat netnou vir die hof gesê het, onthou jy dat ek vir jou gevra het of jy van alles geweet het wat (30

daar / ..

daar aangegaan het; ek kry jy die indruk jy weet nie - toe sê jy, jy is 'n man wat in daardie gebied woon en jy weet wat daar aangegaan het? -- Ek weet van HUCA se kantore, nie van UDF s'n nie.

En jy het nooit gehoor dat UDF - kom ek stel dit aan jou so, het UDF Noord-Kaap nie vergaderings lateraan en "workshops" gereël daar waar julle heen gegaan het nie? -- Waar, in Huhudi?

Nee, in Kimberley en ander plekke, maar gereeld deur die "steering committee" of nadat die streek tot stand gekom het dan deur die streek self? -- Nee. (10)

Jy het net nou vir die hof vertel van 'n vergadering van UDF wat in Kimberley gehou is wat jy van geweet het. Is dit reg? -- Ja.

Het jy dit bygewoon? -- Watter ene?

Die ene wat jy van gepraat het? -- Ja, ek het die vergadering bygewoon, dit was die "committee of concern" se vergadering.

Wie het dit georganiseer? -- "Committee of concern", 'n geaffiliéerde lid van die UDF.

Hoe weet jy dit is 'n geaffiliéerde lid van die UDF? -- Hulle het dit in die koerant gesê. (20)

En waar is hierdie "committee of concern"? -- In Kimberley.

En by watter deel van die UDF of by watter streek van UDF is hulle geaffiliéer? -- Ek dink amper dit was in die Kaap gewees waar UDF gestig was, tydens die stigting van UDF.

HOF: Wie is die grootkoppe op die komitee? -- Watter ene, die "committee of concern"?

Ja. -- Sekere kleurlinge daar.

MNR JACOBS: Ken jy hulle name? -- Ek ken een se naam.

Ja? -- Nika.

Nika wie? -- Hy word genoem Nika. Ek weet nie wat is (30) die / ..

die Nika, of dit 'n voornaam is en of dit die van is nie. Dit is die van, ek dink Nika is die van.

Witbooi, het jy dié geken? -- Ja, hy is 'n predikant, 'n eerwaarde Witbooi.

Was hy gemoeid met enige organisasie daarso in die Noord-Kaap? -- Waar?

In die Noord-Kaap? -- Ja..

Watter? -- Dit is by die kleurlinge se organisasie.

Wat is die organisasie? Wat is die naam van die organisasie? -- Iets in die lyn van die "rent". (10

HOF: Ekskuus, wat beteken dit?

MNR JACOBS: Ek weet nie, edele, hy ken blykbaar nie die hele naam nie. -- In verband met die "rent". "Rent committee".

Vanwaar? -- Van die kleurlinggebied, Colridge is die naam van die gebied te Vryburg.

HOF: Colridge? -- C-o-l-r-i-d-g-e.

MNR JACOBS: En wil u vir die hof sê tot vandag tot weet u nog niks van die Noord-Kaap streek van die UDF nie? -- Ek het eers daarvan gehoor terwyl ek in Kimberley was.

Het jy hulle vergaderings bygewoon en deelgeneem aan (20 hul aktiwiteite daar? -- Wanneer nou?

Nadat jy in Kimberley gekom het. -- Nee.

Kan jy vir ons sê wanneer het jy - laat ons dit nou presies kry - Vryburg verlaat en is jy Kimberley toe? Watter jaar was dit? -- Januarie 1986 het ek getrek.

Nou tot Januarie 1986 het jy nooit geweet dat Hoffman Galeng, Jomo Khasu en Crutse, dat hulle deel gevorm het van die bestuur van UDF Noord-Kaap nie? -- Dit is nie wat ek van geweet het nie.

Galeng, was hy nie die voorsitter nie? Van die streek (30 nie / ..

nie? -- Van HUCA?

Ook van die UDF streek Noord-Kaap? -- Nee, ek weet nie.

Het daar van hulle nie gereeld vergaderings van die UDF nasional bygewoon as verteenwoordigers van die streek nie? -- Ek weet nie.

Goed, ons gaan bietjie na 'n ander aspek toe. Jy praat van die skoolboikotte, dat die skole probleme daar..

MR BIZOS: M'lord, the witness did not make mention of any boycott.

MNR JACOBS: Kom ons noem dit skoolprobleme. -- Ja, dit is (10 so.

Was daar probleme gewees in die skole in Vryburg, swart skole? -- Ja, dit was net by een skool gewees waar die misverstand ontstaan het tussen die skoliere en die onderwysers.

En het die skoliere klagtes gehad oor die onderwys? -- Ja, eintlik het dit gegaan oor die onderwysers wat verhoudings gehad het met meisiekinders wat op skool was, skoliere; so die probleme was tussen die seuns en die onderwysers.

Was daar 'n skoleboikot gewees in Huhudi? -- Nee.

Glad nie? -- Verskoning?

(20

Glad nie? -- Nee, nie te Huhudi nie.

Waar dan? -- Volgens koerantberigte was dit iewers in die Kaap, in die Oos-Kaap, maar nie in Huhudi nie.

So daar was dan geen nodigheid en dit het dan ook nooit gebeur dat HUCA opgetree het in enige opsig daar om 'n skoleboikot te probeer bylê nie? -- Nee, daar was nie. Wat gebeur het is dat sekere skoolseuns was in aanhouding gewees as gevolg van die feit dat hulle met die onderwysers baklei het, met die gevolg het dié se ouers mekaar genader daaromtrent.

Ja, en toe wat het HUCA gedoen? -- Ons het toe die (30 ouers / ..

ouers gevra om by te dra met die geld laat ons dan 'n ver-teenwoordiger vir die kinders kan kry.

HOF: 'n Regsverteenwoordiger? -- Ja.

MNR JACOBS: Is dit al? -- Ja, die saak was verhoor gewees hulle was toe vrygelaat.

Verder niks te doen gehad enigsins met onderwys of skool-probleme nie? -- Nee.

Daar is ook nooit in HUCA - ekskuus, in Huhudi 'n "parents' support committee" gestig nie? -- Parents' support committee? Nee ek weet nie daarvan nie. (10)

Sien want in dieselfde verslag waarna ek jou netnou verwys het, AM.20, hierdie verslag, kyk op bladsy 2 daarvan, paragraaf 3.4, sê HUCA een van hulle winste wat hulle gemaak het, hulle "achievements", suksesse, is dat daarso 'n "parents' support committee" gekies was. -- Ek weet nie hiervan nie alhoewel ek daarvan bewus is dat HUCA ondersteun word deur die groot meerderheid van die inwoners as ouers.

U sien dit is vir my baie eienaardig dat jy nie weet nie want hier sê HUCA self in hierdie sekretariële verslag, sê hulle self dat daar skoleboikotte was by die plaaslike hoër-(20) skool en dat HUCA toe weer tevoorskyn gekom het met 'n oplos-sing. -- Nee, dit weet ek nie van nie.

Dit is darem baie eienaardig. En HUCA sê hier hulle het die kinders bymekaar gebring, die ouers bymekaar gebring van die kinders wat geveg het teen aanhoudings. -- Dit was in die tyd toe die ouers om hulp kom vra het.

Ja, maar so ontwyk jy my nie. Die kwessie was gewees dit het nie daar gegaan oor kinders wat 'n onderwyser geslaan het nie, maar dit het gegaan oor aanhoudings. Dit is die probleem wat gemaak het dat daar skoleboikotte was. -- Daar was nie (30

boikotte / ..

boikotte gewees wat ek van weet nie.

Jy het nou vir die hof vertel in jou getuienis dat daar was ook nie verbeterings aangebring in die woongebied nie. Is dit nie so dat julle in HUCA het die mense aangemoedig en aangespoor tot burgerlike ongehoorsaamheid nie? -- Ek verstaan nie daardie vraag nie.

Dat die mense nie gehoorsaam moet wees aan die beperkings wat daar geplaas word op die aanbou van nue geboue of die verbeterings aan bestaande geboue of huise nie? -- Daar is nêrens waar HUCA vir mense so gesê het nie. (10)

Maar in hierdie verslag weer in paragraaf 3.5 onder die opskrif: "Defiance campaign", sê HUCA self hulle het dit gedoen en die mense gesê om daardie beperkings te ignoreer en te verbreek. -- Nee, dit weet ek nie van nie.

Maar meneer, wat weet jy van HUCA se dinge? Wat nou gebeur is hier is 'n verslag van nege maande se aktiwiteite van HUCA en jy weet niks daarvan nie? -- Ek sien hierdie dokument vir die eerste keer vandag.

Maar hierdie dokument wat jy sê jy vandag vir die eerste keer sien, sê vir ons wat het HUCA gedoen oor nege maande. (20) -- Nee, ek onthou nie dat ek dit ooit gesien het nie.

Maar jy behoort tog te weet, as 'n man wat so baie weet wat in Huhudi aangegaan het, dat julle wel mense aangemoedig het om huise te bou en daar is toe mense gebou. Dat julle mense wel aangemoedig het om verbeterings aan te bring en daar is toe verbeterings aangebring en dit nieteenstaande die beperkings wat daarop geplaas was? -- As dit miskien gebeur het dat daar house gebou was of huise verbeter was, dit is dalk na ek Huhudi verlaat het.

Is dit nie so dat HUCA se lede het maar hoofsaaklik uit(30) die / ..

die jongmense bestaan nie? -- Nee, die meeste van hulle was ouers gewees wat probleme gehad het oor die verskuiwing.

En as HUCA sê in hierdie verslag dat hulle lede hoofsaaklik ingeskreve lede was en die ondersteuning wat hulle gehad het was, die grootste het gekom van die jeug, is dit nie ook reg nie? -- Wat my betref ek weet dat die ondersteuners was ouers gewees, grootmense in die meeste.

En is dit nie so dat die Huhudi Youth Organisation, HUYO het tot stand gekom huis deur bemiddeling van HUCA nie, dat HUCA het daarvoor gewerk dat so 'n organisasie gestig word? (10 -- HUYO was onafhanklik gewees.

Maar antwoord nou net my vraag, asseblief. -- Ek sê HUYO was nie deur HUCA gestig nie. Hulle het op hulle eie gegaan en self HUCA gestig.

Self HUYO gestig? -- Self HUYO gestig.

En sê jy dat HUCA het hoegenaamd niks te doen gehad met die totstandkoming van HUYO nie? -- Dit is so.

Het HUCA nooit probeer of dit as 'n doelstelling beoog om 'n jeugorganisasie in Huhudi te stig nie? -- Nee.

Het HUCA nooit getrag daarna om die jeug te betrek in (20 die gemeenskap se stryd nie? -- Die jeug het 'n klag van hulle gehad oor die "monthly pass". Ons het 'n klagte gehad oor die verskuiwing. Beide die twee is maar wat 'n mens kan beskrywe as 'n stryd.

Nou vra ek weer vir jou was dit nooit die program van HUCA om die jeug in Huhudi te betrek in die gemeenskapstryd nie? -- Die gedagte van HUCA was om die jeugdiges te verenig.

HOF: Met watter doel? -- Met die doel dat die jeug ook bewus moet word van die probleme wat ontstaan het tussen ons.

MNR JACOBS: En dat hulle betrek word in die gemeenskap se (30 stryd/ ..

stryd. -- Dat hulle ook iets kan doen oor die probleem wat vir hulle bestaan het van die "monthly pass".

Nie net op die "monthly pass" nie, op alle gebiede - die huur, oor skoolsake, oor alles wat daar aangaan moes hulle betrek word? -- Die huur wat hoog was en ander dinge het hulle nie geraak nie. Al wat hulle geraak het was die "monthly pass".

Is dit nie so nie dat HUCA en HUYO het baie nou saamgewerk om 'n groot doelstelling te bereik, om die swartmense daarso te mobiliseer en te kry dat hulle moet deelneem aan die (10 sogenaaende vryheidstryd. -- HUCA en HUYO het gesamentlik opgetree om toe te sien dat dié se bestaande probleme teë - gesit kan word.

En om die mense, die bewoners te kry om saam deel te neem om teë te sit? -- Ja, teen die verskuiwing en die "monthly pass".

En teen die verhoogde huur en teen die raadslede? -- Ja, met betrekking tot die verhoogde huur maar nie ten opsigte van die raadslede nie.

Maar julle het dan aangedring die raadslede moet bedank? (20 -- Nee, dit is die ouers, die inwoners van Huhudi wat nie vertroue gehad het in hierdie gemeenskapsraadslede nie en dit is die mense wat dan die beroep gemaak het dat die lede moet bedank.

HOF: Het julle dit nie ook gedoen nie? -- Ons was saam met hulle gewees as ouers toe hulle dit gesê het.

Nee, nie of u by hulle was nie. Het u as komitee van HUCA dit nie ook gedoen nie? -- Ons het die ouers, naamlik die inwoners van die gebied ondersteun en dit ook maar beaam dat hulle, die raadslede, moet bedank. (30

MNR / ..

MNR JACOBS: Julle het eintlik verder gegaan want julle het elke maand 'n vergadering gehou waarop julle vir die mense en vir die ouers gesê het kyk, hierdie raadslede is nie goed nie, hulle is 'n lot "puppets" van die regering en julle moet ontslae raak van hulle. -- Nee, dit is nie wat ons by ons vergaderings gesê het nie.

Het julle nooit op die vergaderings gesê hulle is "puppets" nie? -- Die inwoners van Huhudi is die mense wat sterk daarop aangedring het.

Het julle dit nie gesê op die vergaderings dat die raadslede is "puppets" van die regering nie? -- Nee, die inwoners van Huhudi hulle het self geweet dat die persone "puppets" was. (10)

Het julle nie daarop gesê vir die mense: kyk, daardie mense, daardie raadslede, is nie deur dié mense gekies nie maar hulle is deur die witmense gekies nie? -- Dit is wat die mense gesê het.

Nou antwoord net my vraag. Is dit nie op die vergaderings gesê deur julle mense, julle sprekers wat julle gekry het om die mense daar te kom toespreek nie? -- Nee. (20)

Was dit nie op die vergaderings gesê dat hierdie mense wil julle verskuif, hierdie raadslede wil hulle verskuif en onderdruk nie? -- Nee, nie deur ons nie maar deur die inwoners van Huhudi self het dit gesê.

Is daar nie pamphlette versprei deur julle of deur HUYO tot die effek dat die raadslede is besig om julle te onderdruk nie? -- Dit weet ek nie van nie.

Hoe sal jy nie weet nie? Jy is dan 'n inwoner van daardie gebied? -- As dit miskien gepubliseer was dan was ek nie daar nie want ek het daarbuite gewerk, buite die distrik. (30)

Het / ..

Het jy ooit pamphlette daar gesien wat versprei was deur UDF Noord-Kaap, uitgegee en versprei was? -- Nee.

Laat ons net 'n bietjie duidelikheid kry. Was daarso 'n "million signature campaign" en 'n kampanje teen die konstitusie gevoer deur HUCA in Huhudi? -- Nee, ek het net daarvan gehoor maar ek het dit nie self gesien nie.

Was daar nie mense..

HOF: Het u gehoor dat dit êrens anders gevoer is of het u gehoor dat dit in Huhudi gevoer is? -- Daar is 'n papier wat rondgeneem was in Huhudi. (10)

MNR JACOBS: Deur wie? -- Sekere manspersone wat ek nou nie meer kan onthou wat die name van die manspersone was nie, het dit rondgeneem. Dit was kleurlinge gewees wat dit gedoen het.

Het julle bestuursmense, Galeng, Khasu of Crutse, nie vorms gebring vanaf Johannesburg of elders en dit daarso georganiseer dat mense daar rond werk en dit rondneem nie? -- Dit weet ek nie van nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel meneer, dat dit is wat gebeur het. Julle het daar kampanjes gevoer om die mense te mobiliseer om tot aksie, direkte aksie soos julle dit noem: (20) "unity in action" - direkte aksie op te tree teen die raadslede. -- As ons gepraat het van "unity in action" dit het betrekking gehad op die verskuiwing.

En nie net op die verskuiwing nie, maar op alles, ook op die verhoogde huur? -- Die verskuiwing en die huur was maar een en dieselfde ding wat gevat moes word.

Ja, en die feit dat daar nie huise gebou moes word of verbeter moes word nie, was ook een wat opgevat moes word. -- Die klagte het gegaan oor die huise wat nie meer gebou word nie en die toestande wat nie verbeter was nie. En die (30)

verhoging / ..

verhoging in huur en die mense wou ook geweet het hoekom word die huur verhoog en daar word niks gedoen nie, daar word nie huise gebou nie.

Dit is wat julle vir die mense gesê het op die vergadering, daar word verhogings gevra maar daar is nie verbeterings nie. -- Dit is wat mense self met oë gesien het.

En dan het julle nog verder gegaan en die valse inligting teen die raad gaan versprei, want is dit nie so dat die arme raadslede wat julle so beskuldig het nie, het aanhou veg en veg en veg teen die verskuiwings en hulle was nie ten gunste(10 daarvan nie? -- Dit is nie so nie.

Maar daardie petisie waarvan jy hier gepraat het vandaag in jou getuienis, dit was voorgestel deur die raadslede dat daardie petisie opgestel moet word en dat hy rondgeneem moet word, en dat die publiek en die raadslede moet saamwerk? -- Ja, dit is so.

Ja. -- Ja, dit is reg maar later van tyd na die petisie deurgestuur is, het hulle, die raadslede, weer teruggekom na ons toe en gesê kyk, julle mense van Huhudi, dit wil sê die inwoners, ons het probeer maar ons het die geveg verloor. (20 Ons sal maar moet trek.

Ek wil aan jou stel dit is ook weer 'n onwaarheid daardie want die raadslede het nooit gesê hulle het die geveg verloor nie. -- Hulle het gesê.

En wat meer is, die afgevaardigdes wat saam met die raad gegaan het om die administrasieraad, Noordoos-Kaapse of Noord-Kaapse administrasieraad te gaan sien, die voorstelle het gekom van raadslede dat daar mense gekies moet word om saam te gaan. -- Dit is nie so nie.

Dit is erken en die verdediging het dit selfs gestel (30

dat / ..

dat mnr Dikhole, dink ek is sy naam, dat hy die voorstel gemaak het op 'n vergadering, 'n verslagvergadering gereël deur die raadslede om aan die mense terug te rapporteer, het hy die voorstel gemaak: kies afgevaardigdes dat hulle saam met ons gaan. -- Dit is nie so nie.

HOF: Wat is die verwysing?

MNR JACOBS: Ek sal hom net vir die hof moet kry. Ek het hom nie op die oomblik voor my nie. Ek sal dit nou-nou soek vir die hof. -- Dit het van die gehoor af gekom dat die gehoor gesê het ons vertrou julle nie. Ons sal mense hier kies as (10 afgevaardigdes wat saam met julle sal gaan.

En wat meer is, die raadslede was net so ontevrede soos die afgevaardigdes omdat hulle so behandel was deur die administrasieraad. -- Watse bewys is daar?

Ek maak 'n stelling aan u. Die bewys is daar, dit is wat die raadslede gesê het. Dit is wat mnr Dikhole vir hierdie hof vertel het. -- Dit was nie so nie.

U sien mnr London, wat gebeur het is julle het hierdie mense so opgesweep teen die arme raadslede dat hulle agterna die mense aangeval het, gereeld. -- Nee, dit is nie so nie. (20 Die raadslede het self op hul eie besluit dat hulle nie meer daarin kan slaag nie.

Want jy sien ek wil dit aan jou stel, die raadslede beskou dit selfs as hulle sukses dat hulle eindelik met die minister geslaag het dat daar nie 'n verskuiwing sou wees nie. -- Nee, dit is nie so nie. Wat die raadslede gedoen het is dat hulle die mense belowe het alles wat goed is op aarde en in die hemel indien hulle getrek het na Pudimoe toe en vir die mense toe probeer sê het watse probleme die mense sal optel indien hulle nog voortgaan om by Vryburg te bly in Huhudi, so dit kan (30

nie / ..

nie wees nie.

K1374

Is dit nie so dat dit die raadslede is wat gedurig aanhou het met onderhandelings voer en onderhandelings voer en die minister gaan sien het nie? Is dit nie die mense wat dit gedoen het in werklikheid nie? -- Nee, dit is nie so nie. Ons het self probeer. Ons het briewe geskryf aan die minister, ons het regsmanne gekry om namens ons te praat. Ons het alles probeer.

Het die minister nie gedurig met die gemeenskapsraad onderhandel en met hulle samesprekings gevoer nie? -- Ons (10 het verskeie briewe geskryf na die minister toe waarop hy geantwoord het en gesê het die saak is nog hangend.

Maar hoekom antwoord jy nie my vraag nie? Dit is die tweede keer wat ek al vir jou gevra het en nou sal ek jou die derde keer vra en as jy nie wil antwoord nie dan los ek dit daar. Is die raadslede nie die mense wat gedurig onderhandel het met die minister, of nie? -- Ek het nie getuienis daaromtrent nie.

Betwiss u dat hulle onderhandel het met die minister? -- Ek het nie getuienis nie. (20

Een ding is seker, julle in Huhudi, Huhudi civic association het nie met die minister onderhandel nie. -- Ons het baie briewe aan die minister geskrywe.

Hoekom antwoord jy nie 'n vraag reguit nie? -- As hy 'n lêer van Huhudi het dan het hy sy lêer vol oor Huhudi.

Hoekom antwoord jy nie 'n vraag, waar ek vir jou 'n eenvoudige en maklike vraag vra nie? -- Soos watter een?

Dat ek vir jou gesê het julle het geen onderhandelings persoonlik met die minister gevoer nie.

MR BIZOS: The "persoonlik" is mentioned for the first (30 time /..

time now, m'lord.

MNR JACOBS: Edele, onderhandelings is tog seker iets soos briefwisseling. -- O, as dit persoonlik is, ons het nie daarin geslaag om persoonlik na hom toe te gaan nie, maar ons het wel briewe geskryf, waarop ons antwoord gekry het.

Dat dit is nog hangende? -- Toe het ons later 'n brief gekry wat sê daar sal bekend gemaak word van die besluit op die 15de.

En is dit nie ook so dat die raadslede het gedurig voor-  
dat daar onmin ontstaan het en moeilikheid ontstaan het, (10  
het hulle gedurig vergaderings gereël om terug te rapporteer aan die gemeenskap, van hulle vordering? -- Hulle het gekom ja,  
maar die gemeenskap het nie geglo aan wat hulle gesê het nie want hulle het maar die gemeenskap aangemoedig ook om te trek na Pudimoe.

En is dit nie so dat daar het nie 'n ad hoc komitee bestaan vir die stigting van 'n "civic" nie, dit het ontwikkel uit die ding dat daardie terugrapportervergadering wat die raad gereël het en waar daardie ses afgevaardigdes gekies was, dat dit daaruit ontstaan het? -- Nee. (20

Stem u saam dat op 'n stadium het julle vir die raad gesê toe hulle julle genooi het na 'n vergadering wat hulle gereël het, dat julle is nie bereid om meer met hulle samesprekings te voer nie? -- Nee, ons het wel 'n uitnodiging van hulle gekry maar ons het 'n reëling gehad wat vantevore alreeds ontstaan het.

Watse reëling praat jy nou van? -- Daardie dag moes ons 'n komiteevergadering gehad het.

Ag meneer, ek sal nou weer 'n keer vir jou vra, watse reëling het julle gehad? -- Die reëling was vir ons gewees (30  
dat / ..

dat ons nou gereël het om daardie dag ons eie komiteevergadering te hou in plaas van na hulle toe te gaan.

HOF: Kon julle nie maar liewerste die vergadering met die raad hou en kyk hoe ver julle kom nie? -- Nee.

Is dit so dat julle die raad gehaat het? -- Nee, dit is nie so nie. Ons het saam met die lede van die raad gelewe, hulle was mense wat winkels besit het, ons het van hulle gekoop. Ons het hulle ondersteun.

Ek vra die vraag want hier is vir my 'n baie snaakse soort benadering in hierdie verslag.. Die verslag sê op bladsy 3, (10 paragraaf 3.7. Dit is "Under identifying the enemy's strategies" - ek slaan nou die eerste sin oor "Institutions such as community councils were taught and accepted as undemocratic and unrepresentative. They were identified as strategies of the forces of opposition. Their serious limitations were revealed. This was a great success". Was wat ek hier gelees het julle gevoel teenoor die raad? -- Ons het saam met hulle geleef, ons het besigheid gedoen met hulle.

Nou is wat hier staan dan verkeerd? -- Ek stem nie saam daar mee nie.

(20)

Met watter deel stem u nie saam nie? -- Die stelling van die hof dat ons nie van hulle gehou het nie.

Wel, kom ons stel dit anders. Stem u saam dat wat ek vir u gelees het, wat hier staan is wat julle houding was teenoor die raad? -- Nee.

So die verslag is verkeerd? -- Ja, dié is verkeerd.

MNR JACOBS: Sê vir die hof was daar raadslede se huise wat verbrand was in Huhudi? -- Nie wat ek van weet nie.

Was daar raadslede se huise wat net beskadig was met klippe in Huhudi? -- Dit is wat ek van gehoor het sonder om

(30)  
dit / ..

dit te sien dat daar wel huise was wat met klippe aangeval was.

Is daar van raadslede se winkels of besighede aangeval en beskadig deur brand? -- Ek weet nie daarvan nie.

Weet u van enige besighede van raadslede wat beskadig is deur brand - ekskuus, dit is dieselfde vraag wat ek gevra het. Die eerste een was met klippe en die tweede een was met brand. -- Nee.

Jy weet daar niks van nie? -- Nee.

Hoeveel raadslede se huise is met handgranate beskadig? (10 -- Volgens wat ek gehoor het was daar twee huise gewees.

Net twee? -- En 'n polisieman se huis ook, wat 'n derde huis is.

Jy sien hoekom ek jou vra, ek dink in jou getuenis-inhoof het jy gepraat van vyf geboue wat mense wat oor die grense gekom het, met handgranate daar beskadig het. -- Nee, dit is drie.

Is jy seker van drie? -- Dit is wat ek gehoor het.

Is daar nie drie raadslede en 'n polisieman se huis wat beskadig is nie? -- Wat ek gehoor het is dit was twee raadslede se huise en een van 'n polisieman. (20

Jy sien, ons het 'n erkenning gehad hierso van die verdediging dat sedert Februarie 1985 was 'n polisieman en drie raadslede se huise beskadig met handgranate. Dit is BEWYSSTUK AS.3, bladsy 3, paragraaf 13. -- Volgens wat ek gehoor het is dit twee huise van raadslede en een van 'n polisieman.

Is dit nie so nie dat daar 'n Huhudi en deur bemiddeling van HUCA is daar heelwat van hierdie gemeenskapspublikasies versprei? -- Ek kan nie meer onthou nie. As ek nie kan onthou nie, dan weet ek nie. (30

Vanaf / ..

Vanaf die stigting van UDF in 1983, Augustus 1983, het julle nie gereeld UDF News gekry wat daarso uitgedeel en versprei moes word nie? -- Nee, al wat ons gekry het was 'n koerant met die titel SASPU.

Nou die SASPU, het julle dit gereeld gekry om te versprei? -- Dit was 'n koerant wat verkoop is selfs in die dorp.

Het julle dit gereeld gekry om te versprei? -- Ons het dit in die dorp gekoop.

En was dit deur julle tak verkoop, HUCA se tak, in die dorp of waar ookal? -- HUYO het dit verkoop. (10)

Wie? -- HUYO.

HUYO. En julle self? -- Nee.

Enige ander van hierdie gemeenskapstydskrifte wat daar versprei was? -- Ek onthou net van SASPU.

Sulke dokumente soos "The Eye" en "Learn & Teach"? -- Ek het dit nog nie gesien nie.

Ek wil vir u in hierdie dokument waarna ek u reeds verwys het, verwys na 'n sekere aspek wat vir my bietjie duister is. Kyk na paragraaf 4.1, dit is BEWYSSTUK AM.20 - het u hom? -- Ja, ons het dit. (20)

Dit is op bladsy 3: "In a very few situations our reaction to certain issues has been a bit disturbing. As we have pointed out in the introduction, our reactionary attitude may lead to us losing track of our ultimate objective". Hier is twee vrae wat ek vir jou hieruit wil vra. Wat bedoel julle in HUCA met "reactionary attitude"?

MR BIZOS: M'lord, the witness has said that he has not seen this document. I presume the prosecutor is entitled to ask him if this expression was ever used and if so, how he understood it. I do not know that he can be asked to interpret (30

the / ..

the document, or indeed the paragraph as a whole. I may say that I myself find it difficult to understand some of these concepts, m'lord.

HOF: Hy staan nie vader vir hierdie dokument nie. U kan dit nie voor sy deur lê nie.

MNR JACOBS: Nee, sal vra dan op dié basis, edele, dat as die dokument hierso beweer dat - het die mense daar een of ander reaksionêre houding gehad? Weet jy enigets daarvan en kan jy vir ons sê wat bedoel hulle met hulle reaksionêre houding? -- Ek weet nie. (10)

Dan die ander ding, wat was julle uiteindelike doelstelling gewees in HUCA? -- Dit was om teen die verskuiwing tee te sit en ook die verhoging van die huur wat alreeds hoog was.

Het julle julfself geïdentifiseer met 'n vryheidstryd wat gevoer word deur UDF? -- Dit weet ek nie van nie, want ons het daar gestaan vir die teenstand teen die verskuiwing.

Het julle nooit in HUCA bespreek dat julle deel vorm van die vryheidstryd nie? -- Dit weet ek nie van nie.

Is dit nie daarom beskryf en genoem in julle kringe, in HUCA, dat julle die uiteindelike regering van die swart massas wil bewerkstellig nie? -- Wat ons betref het ons organisasie net te done gehad met Huhudi se verskuiwing asook die verhoging van die huur. (20)

HOF: Hierdie Jomo Khasu, was hy die voorsitter? -- Hy was die sekretaris.

En wat was sy agtergrond? Watter werk het hy gedoen? -- Hy was by OK werksaam as 'n ontvangsklerk, wat eintlik die voorraad ontvang.

En akademies, wat was sy kwalifikasies? -- Na matriek was hy by 'n universiteit gewees vir 'n jaar omtrent en as gevolg (30

van / ..

van sekere redes en probleme het hy nie verder gegaan nie.

Hoe oud was hy? -- Ek is nie in staat om presies vir die hof te kan sê nie, maar ek skat hom tussen 23 en 24.

Maar was hy dan nie ook in HUYO nie, want dit is tog die jeugorganisasie? -- Nee, hy was in HUCA.

Ja, dankie.

MNR JACOBS: Is jy ook bekend as "Cutter" of "Gutter" London?

HOF: Cutter or Gutter?

MNR JACOBS "Cutter" or "Gutter".

MR BIZOS: There is a difference.

MNR JACOBS: Kom ons vat eers "Cutter". Is jy Cutter London?

-- Ja, ek is.

HOF: Cutter? -- Cutter.

Wat het jy gesny in jou tyd? -- Ek het sokker gespeel.

En dit beteken dan wat? -- Dit is nou soos ek die "back-line" gesny het, "the defenders, cutting them aside".

O, ek sien. Nee, gaaf.

MNR JACOBS: Is daar 'n "parents' support committee", ek dink dit is die ding se naam, gestig in Huhudi? -- Nee, dit weet ek nie van nie.

Weet u of daar so 'n komitee bestaan het? -- Ek weet nie, miskien na ek weg was eers.

Of as ek miskien die hele naam kan gee: "Detainees' parents' support committee", dit is die volledige naam, DPSC. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Edele, ek wil verlof vra, daar is 'n paar dinge - ek is amper klaar met hierdie getuie maar daar is 'n paar dinge wat ek net wil nasien, wat ek sekere dokument moet nagaan wat ek nie nou hier het nie en ek wil vir die hof daardie verwysing kry; as ons miskien kan verdaag op hierdie stadium?

(30)

MR / ..

MR BIZOS: I may say that although there will be other witnesses from Huhudi, we have had to revise our programme and we will call someone tomorrow who is not from Huhudi. I have no objection to giving his name - it is going to be Bishop Buthelezi who has got a very busy programme and who have managed to make some time available in his programme and we are going to call him after this witness has been..

COURT: And what would be the subject of his evidence?

MR BIZOS: He lives in Soweto. He will briefly speak about Soweto. He has been to a number of commemoration services (10 and he will describe that. Your lordship will also remember that there were things put to some of the accused about liberation theology and such matters and what their eventual purpose was and that sort of thing, so it will be some fairly general..

COURT: Theological discourse?

MR BIZOS: No, we will not have those. He will only tell your lordship what they are not.

THE COURT ADJOURSNS UNTIL 17 MAY 1988

(20